*Prof. T.T. Cloete*
*Departement Afrikaans-Nederlands*

# DIE KORT EN HEEL VORM VAN BREYTENBACH SE *DIE BOENK*

Uittreksel uit *Standpunte* 146, April 1980,
uitgegee deur Nasionale Boekhandel,
Posbus 122, Parow, 7500.

Dát hierdie skynbaar stukkende verhaal 'n heel struktuur het, is nie te betwyfel nie, al sou dit nog meer geraffineerd en anders wees as wat ek hierbo aangedui het. Daar is ratio in die irrasionele. Die vasstelling van 'n logiese struktuur maak die illogiese gedrag van die boenks frappant. Dit is literêr gewoon dat 'n saak ook deur sy teendeel in plaas van deur bevestiging, uitgewys word. Die verhaal demonstreer die verwarde van die boenkgedrag aan sy eie vorm. Hy projekteer die planloosheid teen sy eie plan. Hy manifesteer die wanorde teen sy eie orde, die bonkige wese deur die geraffineerde vorm. Dit is in 'n geval soos Multatuli se *Max Havelaar:* „Hij was een, vat vol tegenstrijdigheid' " binne 'n meervoudig streng ingeraamde vertelling. Bekend is die uitspraak van D.H. Lawrence oor *Max Havelaar:* „it is the greatest mess possible", waarop die kommentaar van R.P. Meyer in *Literature of the Low Countries* is: „in spite of its chaotic appearance *Max Havelaar* is an extraordinarily well controlled and coherent novel." „Die boenk" is 'n dergelike vat vol samehangende teenstrydighede. Die boenks is bv. „byna heilig" in 8 maar epikuries in 16. Dié teenstrydigheid is komposisioneel ver uit mekaar geplaas in 8 en 16 maar tog op intiem korrelatiewe punte: die einde van I en II. Die uitmekaarplasing in die fokuspunte stel juis die verband in 'n helder lig. Op ander teenstrydighede kom ek hieronder weer terug.

Wat die lengte, in hierdie geval die kortheid van „Die boenk" betref, om weer daarna terug te keer: Daar is 'n oormaat aan heelwat dinge in die verhaal: aan oë, bene, tone, 'n oormatige formaat van die ore, Boschagtig, oormatige gelag.* Hierdie oormaat is teenstrydiglik verbind aan 'n tekort in verskillende

* Elf maal *ki* en elf maal *ku*. Vergelyk hierdie telbare gelag met die absurde getalle in 1. Die feit dat die wyfies en reuns ewe lank of ewe veel lag, is ook 'n heenwysing na die planmatigheid in die planloosheid.

opsigte. 'n Boenk het bv. 3 oë maar 'n bril is nodig. Dit het vyf bene en een en dertig tone maar stewels is nodig. Die oormaat releveer die tekort en omgekeerd. 'n Belangrike vorm van oormaat is die eksessiewe en deurmekaar gestaltegewing of gedaantewisseling: baie dierlikheid maar ook baie menslikheid. Die rare is dat die distinktiewe menslikheid éintlik identifiseerbaar is aan toegevoegde dinge wat nie oorspronklik tot die mens likheid éintlik identifiseerbaar is aan toegevoegde dinge wat nie oorspronklik tot die mens behoort nie: stewels en bril, wat ook simptomaties is van hoe die mens deurgaans in die verhaal sy wese geweld aandoen. Sekere attribute kan tot die mens én dier behoort, ore, stert en snork bv., en veral die metaforisering maak dit moontlik dat sekere attribute menslik én dierlik is: gesigte, mae, voete, selfs heilig, wyfie, stert ens. Ons kan in die oorvloedige metamorfose en metaforisering die volgende gedaantes onderskei: voël (hoender? vlermuis? engel? ), insek, wurm, gogga, amfibie, hond (vark? bobbejaan? ).

Die boenk is nog die een, nog die ander maar eerder almal saam, ongedefinieer in die fyn gedefinieerde struktuur. Daarom onder andere is die boenks ditte, daarom onder andere dra hulle maskers en is hulle gesigloos.

Hierdie oormatigheid en uitbundigheid, die teenstrydighede en beweeglikheid nou, vind plaas nie alleen binne 'n gekontroleerde en koherente sisteem nie maar bowendien binne 'n *korte*. Oorvloed in 'n kompakte vorm. Groot beweeglikheid, groot ore, geluide, ens. in 'n beperkte vorm. Oormatige gedaantewisseling in 'n matige vorm. Baie vertelde in 'n kort vertelling – 'n soort ekwivalent van Müller se verhouding vertelde tyd en verteltyd. Dit alles maak die kort vorm manifest en gee daaraan 'n plus. Daardeur word die boenk 'n oorspanne wese. Die oormatige se oormatigheid word binne die matige vorm frappant.

Ten derde: Behalwe die oormatige boenkigheid in 'n kompakte vorm, en behalwe die irrasionele gedragswyse in 'n rasionele vorm, is daar 'n ander belangrike saak: die taalkundige abnormaliteite, die illogiese taalgebruik en absurde taalgebruik selfs. Wat die oormatigheid en die irrasionele gedragswyse van hierbo betref, staan dit in *omgekeerde* verhouding tot die bondige en rasionele vorm. Wat die taalmanifestasie betref, is daar egter 'n ooreenstemmende verhouding: Die baie bene, tone en stewels dui op wat ons gerieflikheidshalwe kan noem die verskynsel van die onbestendige in die boenklewe. Hulle val rond (sin 5), is onbestendig sowel op aarde as in die lug, in die water en in die bome, en hulle is eintlik nêrens tuis nie. Vergelyk

beskrywings van onbestendigheid in woorde soos *vroetel, skommelend, peul, ook opvlerk,* (oor), *klim met moeite, klou, trap moeilik vas.* Dat daar staan hulle is rustig, is deliberaat onwaar, verwant aan die teenspraak dat hulle kraai van die lag maar met doodernstige gesigte.

---

In die vierde plek is daar in „Die boenk" ook die manifeste van die ontbrekende. Ons kan alleen van die ontbrekende in 'n literêre teks praat as daar inderdaad iets ontbreek wat verwag is, soos die *is* in Opperman se kwatryn „Skuiling". Of ons kan van die ontbrekende praat, sonder om lukraak te eis dat dit of dat daar moes gestaan het, as iets so gemanifesteer is, só dáár is, dat mens gedwing word om te vra waar is die ander, waarom is iets onvolledig gestel? Daar is volop gehoors- of oor-matigheid, orig-heid, volop geluid in „Die boenk", tot in die vreemde titel en benoeming *boenk* sélf. Maar daar is soos in *Raka* 'n opvallende afwesigheid van die taal - „the awareness of the sign itself", deur anormalisering, in die teks sélf, maak mens daarvan bewus dat die taalgebruik by die boenks ontbreek. Die boenks snork, roep, giggel, kraai, skater, en daar is baie menslikheid in die verhaal, maar die mees menslike geluid, die taal, kom nie voor nie. Dit is die mees ontmenslikende ding in die verhaal.

Daar is nog baie meer in hierdie verhaal, bv. die perspektief. As ons 'n toepassing wil maak en sê: die mens is 'n boenk wat nie op aarde leef soos ; dit vir hom bestem is nie maar romantiese vlugte na die wolke onderneem, ontdekkingsreisiger is in die waters onder die aarde en in die hemele, sy ore uitleen vir ideologieë wat hom in die wolke vervoer, sy taal verloën, ens. ens., dit wil sê as ons sê die mens maak dit bont en hy maak die wêreld nié sy woning nie, dan moet ons daarby voeg dat álle mense nie boenks is nie, want daar is 'n menslike perspektief in die verhaal wat die boenkigheid dophou, en ironiseer en satiriseer. Verder ook nog is daar iets van *Raka* én Openbaring se „nuwe" mens in „Die boenk". Al wat ek wil sê, is dat ek daarvan bewus is dat daar nog baie meer in hierdie stuk kortkuns is, wat reeds so vol en gevoeg is. Dit is egte kortkuns.

* * *